# KOMMUNIKAMMA 19 MEI 2024

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken

**<u>WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE</u>**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**<u>PROGRAM VIR DIE WEEK:</u>**
**<u>Sondag 19 Mei</u>**
**PINKSTERFEES**
*Ons wens vir Alex en Adri geluk met die doop van Armin Hartzenberg asook vir Pieter en Sanashia geluk met die doop van Pieter de Bruin*
**Skriflesing:** Lukas 15:11-32
**Tema:** Dankbaarheid vs Bitterheid

**08:30 EIETYDSE DIENS**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK**

**Die bedieningsdankoffer in die houtkassies gaan vandag vir There4 Bedieninge**

Sondag (09:30-10:00) gaan daar tussen die 2 eredienste 'n tafel in die maalruimte wees. Agter die tafel gaan 'n groep **<u>"Tech-Wise" Tieners</u>** gereedstaan om jou te help met enige selfoon uitdagings wat jy beleef.

**<u>Maandag 20 Mei</u>**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**17:30 EIENDOMME DIENSTERREIN**

**<u>Dinsdag 21 Mei</u>**
**17:30-18:30 XHOSA KLASSE**

**Woensdag 22 Mei**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.

**10:00-11:00 XHOSA KLASSE**

**Vrydag 24 Mei**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15.**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 26 Mei**
**08:30 EIETYDSE DIENS**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK**

## GEBEDSAKE:

- Ons dank die Here vir 'n geseënde geestelike groei werkswinkel, sangdiens en Pinkster.
- Geliefdes wat gesondheidsuitdagings beleef:
  Mieke Dolphin, 'n Matriek leerder in ons gemeente, is steeds in die Hospitaal.
  Piet Greyling is in die hospitaal.
  Barbara Ott se gesond word.
  Kotie Oosthuizen wat sukkel met haar gesondheid
  Peter en Joan Crous wat sukkel met hulle gesondheid.
  Anita Esterhuizen wat gaan vir 'n operasies
- Annette Toerien se man, Gene, en Reyn Smit se vrou, Magda, is oorlede. Bid vir hulle en hulle families.
- Skoliere en studente wat eksamen skryf.
- Almal wat geraak is deur die George tragedie.
- There4-bedieninge.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Die sluit van vrede.
- Vakatures by Grasvoëlkop en PE-Noord gemeentes.

**VERKIESING 2024**
Dit is nog 9 dae voor verkiesingsdag. Kom ons verootmoedig ons voor die Here vir 'n vry en regverdige verkiesing. Bid vir wyse, deursigtige en dienende regeerders wat tot voordeel van almal in die land sal regeer.

Ons deel die laaste 2 Sondae voor die verkiesing so paar belangrike merkers uit "Die Kerkblad" om te oorweeg voor jy jou kruisie gaan trek. Jy hoef nie met alles saam te stem nie, maar hopelik kry dit mense aan die saamdink en -gesels. En help dit ons om te bid.

- Hoe lyk 'n party se morele kompas? Spreek dit van openheid, verantwoordelikheid, eerbaarheid en skoon regering?
- Hoe lyk die integriteit van 'n party se leiers? Kan ek my met vrymoedigheid assosieer met hulle optrede?
- Is daar by 'n party en sy leiers 'n eerlike ingesteldheid van Suid-Afrika eerste? Of word partybelang en selfs persoonlike eiebelang bo landsbelang gestel?
- Alles dui daarop dat ons 'n koalisieregering gaan hê. Blyk dit uit die party en sy leiers se optrede dat so 'n party 'n betroubare koalisievennoot sal wees? Indien die meerderheidsparty in 'n moontlike koalisie is, is daar respek vir die mindere, maar noodsaaklike deelnemers? Indien 'n kleiner party in 'n moontlike koalisie is, sal so party die stert wees wat die hond wil swaai en misbruik sal maak van sy "koningmaker"-status?
- Is dit 'n party met respek en erkenning vir die diversiteit van ons bevolking? Op so 'n wyse dat die belange en kultuureie van elke groep bevorder word, ook van minderhede?

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Bid saam met gelowiges in **Irak** om vas te staan in hul geloof ten spyte van vervolging en terreur.

**NUWE LIDMATE**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**KERMIS**
Baie dankie vir elkeen se betrokkenheid by hierdie heerlike kuierfees. Ons het die mooi bedrag van R145 000 ingesamel.

**KERKRAADSLEDE VERKIES**
Christoff Bosch en Christiaan van Niekerk is as diakens verkies op die kerkraadsvergadering.

**RAAK BETROKKE**
Aangesien ons 'n groeiende geloofsgemeenskap is, het ons op vele terreine hulp nodig van vrywillige gemeentelede. Ons kort tans veral hulp met mense wat voor die eietydse diens mense groet in die voorportaal, die regstreekse uitsending van eredienste, persone wat deel wil wees van die gasvryheidsbediening en persone wat wil help met die opneem en tel van die dankoffer by die deure op 'n Sondag. Indien jy graag betrokke wil raak, kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

**CANTANDO@ALGOA KOOR**
Kontak Gustel Agenbag (089 899 3804) indien jy belangstel in 'n oudisie vir die Cantando@Algoa Koor. Oudisies word per afspraak gedoen.

Die koor sal op Woensdag 29 Mei (Stemdag) wegneemetes bedien vanuit die kerkkombuis. Op die spyskaart is Jaffels (R20), Hamburgers (R40), Boereworsrolle (R30) en Groentesop (R30 vir 500ml). Voorafbestellings kan per WhatsApp aan Lynn Lombard (073 648 2263) gestuur word.

**AVONTUURWEEK 24-28 Junie 2024**
Ons is stomgeslaan oor die hoeveelheid inskrywings wat ons alreeds op die eerste twee weke ontvang het vir Kraggakamma se eie Avontuurweek. Ons tema vir 2024 is ***Scuba: diving into friendship with God.*** Avontuurweek is 'n vakansie bediening aan kinders van 4 jaar tot Graad 6 en bied vir kinders die geleentheid om die Here te leer ken en Hom te dien met hulle lewe. Dis 'n week vol verassings en pret en 'n plek om nuwe vriende te maak. Die kinders gaan deur Bybel avonture, kuns, drama en spel, ervaar dat God se liefde hulle deur die donkerste tye van hulle lewe dra! Kinders word in kleingroepe ingedeel. Hoërskoolleerders of studente tree as kleingroep leiers op.

Kinder inskrywing (vir kinders jonger as 13):
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfcPC5kz-0HR6okfA-lfWd1QWn7pSg808TdgDZmV6by7ekQIA/viewform?vc=0&c=0&w=1&flr=0

Leier inskrywing:
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeu9UJTp_OQ2cI7UosZmcJQDB34ul3MxbP29-PTy5fw6qQOmg/viewform?vc=0&c=0&w=1&flr=0

Verder kort ons ook studente of volwassenes wat ons kan help gedurende die week. Ons nooi ook gemeentelede uit om in hul vrye tyd vir ons uit karton vissies of ander seediere uit te knip, en dit te bring na die kerkgebou.

**FAMILIE KAMP 2024**

Skryf gerus solank 4-6 Oktober 2024 in jou dagboek neer. Ons gaan weer 'n heerlike familiekamp hierdie jaar hou, nie te ver vanaf Gqeberha nie. Meer inligting sal volgende week beskikbaar wees.

**<u>VERJAARSDAE VIR DIE WEEK</u>**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 19 Mei | Ena Grobler, Johan Knoetze, Anlo Nortjé, Jeandre Nortjé, Anita Theron, Marguerite Vermeulen en Louis von Willigh |
| 20 Mei | Levi Greyvenstein, Gert Harmse, Anlene Pretorius, Suné Smit en Elna Thiart |
| 21 Mei | Carien Blom, Rudi Burger, Leon de Jager, Estienne Postma, Alecia van der Westhuizen, Didi Venter en Nicole Westraadt |
| 22 Mei | Handre Janse van Rensburg en Brendon Slabbert |
| 23 Mei | AJ Botha, Frans Krause (jnr), Dossie Nortjé en Matthys Potgieter |
| 24 Mei | Milan Geyser, Martin le Roux, Tiaan Lourens, Theo Maree, Luca Naudé en Martyn Nell |
| 25 Mei | Cielie Collins, Coritha du Toit, Ian Landman en Nadia Slabbert |

**Ons wens tannie Anita Theron geluk met haar 91ste verjaarsdag op Sondag 19 Mei**

**<u>DANKOFFER</u>**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005